

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 22 April 2018 – Oggend**

### **Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-3:1, 2 (Sb 32)**

- 1 Toe het die hoë lug gebeef / en eng'lestem het neergesweef:  
"Nou is die koninkryke weer / die eiendom van onse Heer  
en van sy Ryksgesalfde wat / die wêreld in sy vuus omvat.  
Hy sal – beslis is nou die stryd – / as Koning heers in ewigheid."
- 2 Toe het die vier- en twintigtal, / die ouderlinge neergeval –  
hul wat voor God op trone sit – / en het die hoë God aanbid:  
"Ons dank U, onse God en Heer, / U wat oor alles triomfeer,  
wat is en was en kom, – u mag, / o Koning, tree nou aan die dag."

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

### **Loflied: Psalm 145:1, 2, 10 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone<sup>o</sup>oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.  
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.

### **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

Wet

### **Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (Sb 26)**

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke<sup>o</sup>en donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade<sup>o</sup>is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

### **Skrifberyming 15-7:1, 2 (Sb 43)**

- 1 Hy wat heilig en waaragtig / en omkleed is met gesag,  
wat die sleutel dra van Dawid, / hoogheidsteken van sy mag –  
daar is niks wat Hom kan hinder, / wat sy magsvermoë stuit,  
wat kan sluit as Hy wil open, / wat kan open as Hy sluit.
- 2 Al jou werke sien en ken Ek, / in hul skoonheid blink hul uit.  
En Ek het 'n deur gegewe / wat geeneen vir jou kan sluit.  
Dat jou krag gering is, weet Ek, / maar jy eer my Woord as skat,  
en jy 't nie my Naam verloën / wat die kennis vol omvat.

**Skriflesing:** Matteus 5:1-26

**Kernverse:** Matteus 5:17-20

**Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.**

(Matteus 5:17-20 AFR53)

**Tema:** 'n Christen se geregtigheid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, 'n mens hoor dikwels dat mense sê dat die wet nie meer vir Christene geld nie, aangesien Christus dit vervul het. Dit is nog goed om die wet te lees en te hoor, maar jy hoef nie meer daarvoor te skrik nie, want Christus het dit in jou plek afgehandel. Daar is egter ook mense wat heeltemal van die wet ontslae wil raak en hulle sê: Die letter maak dood, maar die gees maak lewend. Met *letter* bedoel hulle dan die wet. Die woorde wat hulle sê, is reg, want dit kom uit 2 Korintiërs 3:6. Die rede waarom hulle dit sê, is egter nie so suiwer nie, want hulle wil 'n deel van die geopenbaarde Woord van die Here ignoreer asof dit nie meer vandag van toepassing is nie.

Hierdie mense wat so teen die lees en aanhoor van die Tien Gebooie is, is ook die mense wat graag vertel dat God die God van liefde is. God is inderdaad die God van liefde. Hy is barmhartig en vol liefde, maar Hy is tegelykertyd ook regverdig – Hy vergewe sonde maar laat die sonde nie ongestraf bly nie. Dit is hoe die Here Homself nog aan Moses geopenbaar het (Eks 34:6-7).

Wanneer 'n mens die liefde en genade van die Here beklemtoon ten koste van sy regverdigheid gebeur dit dat mense naderhand begin dink dat die God wat die Christene aanbid nie 'n wet het nie. Om so iets te sê, is nie vergesog nie. Dit gebeur dat mense wat in 'n kerk grootword en nooit hoor van die Tien Gebooie nie, maar net dat God die God van liefde is, dink hulle en sê dat God dan sonder 'n wet is. En die hartseer is dat sulke jongmense dan na 'n god begin soek wat wel 'n wet het. Vir baie mense sal dit vreemd klink dat iemand 'n god sal soek wat 'n wet het. Dit is nou maar eenmaal so dat 'n mens veilig voel wanneer hy weet waar die grense is.

Ons kernverse verskaf vanoggend lig op die plek van die wet van die Here in die lewe van 'n Christen. In hierdie vier verse hoor ons wat 'n Christen se geregtigheid is. Om te weet wat 'n Christen se geregtigheid is, maak die Heilige Gees ook vir ons duidelik wat die verhouding tussen die Nuwe en die Ou Testament is – tussen die evangelie en die wet. Hierdie vier verse val in twee dele uiteen. In die eerste twee verse hoor ons wat is Christus se houding teenoor die wet. In die laaste twee verse hoor ons wat die Christen se houding teenoor die wet behoort te wees.

Broers, susters en kinders, in die bergprediking het die Here Jesus ons nou al geleer wat die karaktertrekke is van die mense wat burgers in die koninkryk van God is. Hy het ons ook geleer watter invloed mense met sulke karaktertrekke in die wêreld het – hulle is die

sout van die aarde en die lig van die wêreld. In ons kernverse gaan Jesus verder om ons te leer hoe die wet van die Here daartoe bydra om hierdie karaktertrekke te help vorm in die gelowige sodat hy hierdie invloed in die wêreld kan hê.

Dit is moeilik om uit die gegewens in die evangelie te bepaal wanneer presies Jesus hierdie onderrig in die bergprediking gegee het. Ons kan wel aflei dat Hy dit baie vroeg in sy open-bare optrede gedoen het. Maar dit was verseker nie die eerste onderrig wat Jesus gegee het nie. Dit is moontlik dat die gebeure waarvan ons in Markus 1 lees, plaasgevind het voor-dat Jesus hierdie onderrig gegee het. In Markus 1 vertel die Heilige Gees dat Jesus op die sabbat 'n man in die sinagoge bevry het van 'n bose gees. Aanvanklik was die mense in die sinagoge verslae oor Jesus se leer, want Hy het geleer soos een met gesag en nie soos die skrifgeleerdes nie. En toe Jesus die bose gees verdryf het, het die mense gevra:

**Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is? (Markus 1:27 AFR53)**

Oor wat Jesus op die sabbat in die sinagoge gedoen het, het in die hele omtrek van Galilea versprei. Nie almal wat gehoor het van Jesus se leer en wat Hy op die sabbat in die sinagoge gedoen het, was opgewonde daarvoor nie. Dit is veral die Fariseërs en skrifgeleerdes wat oor hierdie berig van Jesus se werk mense gewaarsku het dat hulle versigtig moet wees vir Jesus en sy leer. Daarom het Jesus vir die mense voor Hom gesê dat hulle nie moet dink dat Hy gekom het om die wet of die profete te ontbind soos wat hulle mense al hoor praat het nie. Jesus het nie gekom om die wet en die profete ongeldig te maak of te leer dat die wet en die profete oorbodig en nie meer van toepassing is nie.

Jesus – die Seun van God – het nie na hierdie wêreld gekom om die wet en die profete te ontbind nie, maar om dit te vervul. *Vervul* in hierdie sin het twee betekenisse. In die konteks van Matteus 5 is dit duidelik dat Jesus die wet van sy Vader kom verduidelik het sodat ons kan begryp hoe omvangryk die Tien Gebooie regtig is. Byvoorbeeld, om aan die sesde gebod gehoorsaam te wees, beteken nie dat jy iemand nie net wederegterlik mag doodmaak nie. Die sesde gebod – soos trouens al die gebooie van die Here – is nie net 'n verbod op die verkeerde daad nie. Die gebooie van die Here plaas ook 'n verbod op die verkeerde gedagtes en woorde en gebare wat 'n mens kan hê. Daardie verkeerde gedagtes, woorde en gebare is in die oë van die Here reeds 'n oortreding van sy gebod. In mense se oë mag dit maar net na 'n grappie lyk of miskien na 'n glips waaroor jy later spyt is, maar vir die Here gaan dit oor wat in jou hart aangaan wanneer jy daardie dinge dink of sê.

*Vervul* in hierdie sin van Jesus het ook die betekenis dat Hy die wet en dit wat in die profete geskryf staan nagekom het. Alles wat in die Ou Testament aan ons geleer word aangaande God, die mens en verlossing het Christus vervul. Alles wat nodig is om van die Drie-enige God te weet, sowel as van die mens en sy ellende en die Here se verlossing van die mens, is reeds in die Ou Testament geopenbaar. Jesus het in sy woorde en werke daardie open-baring tot vervulling gebring. Deur Christus se dood aan die kruis leer ons hoe regverdig God regtig is. Hy laat die sonde inderdaad nie ongestraf bly nie. Deur Christus se onderrig weet ons dat die mens in die ellende van die sonde vasgevang is. Maar, Hy het juis met sy sterwe en opstanding verlossing bewerk sodat God mense kan vergewe en as sy kinders aanneem.

Wanneer Jesus praat van die wet en die profete bedoel Hy ook al die voorskrifte in verband met offers en die reinigingshandelinge. Ons noem dit die seremoniële wette. Al daardie dinge het Jesus ook gedoen omdat Hy onder die wet gebore is. Sy ouers het die

reinigings-offer by die tempel gebring, alhoewel Hy geen sonde gehad het nie. Hy is besny soos alle Joodse seuntjies. Maar al hierdie seremonies was nog net 'n skaduwee van die verlossings-werk wat Hy kom doen het. Na sy offer aan die kruis hoef die gelowiges nie meer die seremonies te doen nie.

En as Jesus van die wet praat, verwys Hy ook na die Tien Gebooie. Hy het inderdaad elkeen van daardie gebooie honderd persent gehoorsaam. Sy gehoorsaamheid aan die Tien Ge-booie was nie maar net so oppervlakkig soos wat die Fariseërs gewoonlik gedoen het nie. Hy het die wet in sy volle omvang en diepte gehoorsaam. Maar die feit dat Jesus die Tien Gebooie honderd persent gehoorsaam het, beteken nie dat dit nie meer van toepassing is vir die gelowiges van vandag nie. Die Tien Gebooie bly van toepassing ook vir Christene, daarom het Jesus sommige van die gebooie in die res van die hoofstuk in sy omvang en diepte verduidelik.

Daar is egter nog 'n rede waarom Jesus die wet vervul het en waarom dit vir die Christene vandag nog geldig is:

**Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.**  
(Matteus 5:18 AFR53)

Jesus gee die rede waarom Hy nie die wet en die profete sal ontbind nie. Die wet en alles wat daarin geskryf is, sal gebeur presies net soos wat dit geskryf is totdat die hemel en die aarde vergaan. Nie eers een jota of tittel sal wegval of oorbodig wees nie. Alles sal gebeur en gedoen word soos wat dit geskryf staan. 'n Jota is die kleinste lettertjie in die Hebreeuse alfabet en 'n tittel is 'n strepie en kolletjie wat soortgelyke letters van mekaar onderskei. Die mense wat dus dink dat die wet nie meer van toepassing is vir 'n Christen nie, moet weer mooi dink. Jesus sê die wet sal geldig bly tot aan die einde van die wêreld.

Omdat die wet van God vir altyd geldig bly op die aarde, het Jesus na hierdie wêreld gekom en die wet vervul. Hy was honderd persent gehoorsaam aan die wet. Sy gehoorsaamheid aan die wet het egter nie die wet nou vir die Christene laat verval nie. Sy gehoorsaamheid aan die wet was deel van die verlossingswerk wat Hy moes kom doen. Hy het in alles aan die regverdige eis van sy Vader voldoen. Hy het die wet honderd persent gehoorsaam – iets wat ons mense glad nie kan doen nie – en Hy het ook nog honderd persent die straf gedra op die oortreding van die wet wat eintlik op die mense moes gekom het.

Daarby het Hy die wet ook nog vir ons in sy diepe en ryke betekenis kom verklaar, sodat ons kan beseef wat beteken dit as God sê: **Jy mag nie doodslaan nie of Jy mag nie egbreuk pleeg nie.**

Die feit dat Jesus die wet en die profete vervul het omdat die wet van die Here vas bly staan, het vir die volgelinge van Christus gevolge. En in ons kernverse hoor ons van twee gevolge vir die gelowige. Eerstens sê Jesus:

**Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.**  
(Matteus 5:19 AFR53)

Jesus sê self daar is voorskrifte in die wet wat minder belangrik is en dan is daar gebooie wat regtig belangrik is. 'n Voorbeeld van sulke gebooie lees ons in Matteus 23. Die Fariseërs was presies wanneer hulle dinge gedoen het wat ander mense kon sien. Hulle

was presies om van alles in hulle huis 'n tiende aan die Here te gee – tot van kruisement en anys in hulle kombuis. Maar die Here Jesus veroordeel hulle omdat hulle die belangrike dinge soos barmhartigheid en geregtigheid teenoor hulle naaste sommer so nagelaat het (Matt 23:23). Daarmee bedoel Jesus dat jy die belangrike dinge moet doen en die ander dinge nie moet nalaat nie. Wie egter die minste van die gebooie nie doen nie en ander ook nog so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele. Die wat groot is in die koninkryk van God, is hulle wat deur die Here hoog geag word omdat hulle Hom gehoorsaam omdat Hy God is.

Die tweede gevolg wat Jesus noem, het nie net die mense wat Hom destyds gehoor het se asem weggeslaan nie, maar ook ons s'n:

**Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.** (Matteus 5:20 AFR53)

Almal wat Jesus destyds gehoor het, het geweet hoe erg die skrifgeleerdes en Fariseërs was oor die nakom van die wet. Vir baie mense was die skrifgeleerdes en Fariseërs die ouens wat dit kon regkry om regtig aan die Here gehoorsaam te lewe. Maar nou sê Jesus dat sy volgelingen nie net moet opkyk na die Fariseërs en hulle bewonder nie. Christene behoort baie beter te doen as die Fariseërs. As 'n Christen se geregtigheid nie meer is as dié van die Fariseër nie, sal hy nie in die koninkryk van God kan kom nie.

'n Mens frons oor hierdie woorde en wonder of dit nou beteken dat 'n mens deur gehoorsaamheid aan die wet 'n plek in die koninkryk van God kry? Dit kan tog nie wees nie, want daar is op baie plekke geskryf dat 'n mens nie deur wetsonderhouding gered word nie. Slegs deur die geloof in Christus alleen word 'n mens verlos en gered.

Van een ding kan ons baie seker wees: die Here weerspreek Hom nooit nie. Daarom moet 'n mens goed oplet wat Jesus hier sê. Die Fariseërs se gehoorsaamheid aan die wet het so indrukwekkend gelyk dat baie mense gedink het hulle is die ouens wat amper die volmaaktheid al bereik het. Maar hulle gehoorsaamheid was oppervlakkig en uiterlik, soos wat Jesus dit telkens ook uitgewys het.

Wanneer Jesus van oorvloediger geregtigheid praat, wys Hy ons daarop dat die Christen die wet moet gehoorsaam in die volle omvang daarvan, soos wat Hy dit ook uitlê aan ons. Dit gaan dus oor dieper gehoorsaamheid en nie oor meer gehoorsaamheid nie. Dit gaan oor gehoorsaamheid aan die wet omdat die Here God is en nie omdat jy iets by die Here gaan verdien nie.

Steeds weet ons dat selfs die getroue gelowiges dit nog nie regkry om die wet honderd persent te gehoorsaam nie. En elke keer wanneer die Heilige Gees 'n mens voor die wet bring, kom jy agter hoe ver jy tekort skiet en hoeveel keer jy al weer oortree het. Dit is met hierdie besef wat die Heilige Gees die Christen by Christus bring. Hy het die wet honderd persent gehoorsaam. In die geloof neem jy jou toevlug tot Christus, want Hy is jou geregtigheid by God. En Christus se geregtigheid oortref verreweg dié van die Fariseërs.

Dus kom dit daarop neer dat 'n Christen in die geloof Christus en sy werk vir homself aanneem, want daar is geen ander manier waarop die Christen geregverdig kan word nie. En omdat die Christen verseker word dat hy deel het aan Christus se geregtigheid deur geloof, volg hy die Heilige Gees wat hom teruglei na die wet om dit uit dankbaarheid te gehoorsaam. Dit is immers met die wet waarmee die Heilige Gees die beeld van God in die gelowige verder na vore bring en herstel.

Geliefdes, die wet van die Here het nooit as te nimmer vir die Christen verval nie. Inteendeel, die Heilige Gees skryf die wet op die tafels van Christene se harte sodat hulle volmaak die beeld van God word. Mag die Heilige Gees elke ware gelowige nog meer deur die geloof in Christus inlyf sodat elke ware gelowige die weldade van Christus nog meer kan toe-eien. Alleen so sal Christene se geregtigheid oorvloediger wees as dié van die Fariseërs.

**Amen!**

Gebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (Sb 14)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit ’n springfontein.”  
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
“Nuwe harte gee ’k aan julle, / en Ek gee ’n nuwe gees;  
’k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee ’n hart van vlees.
- 2 “’k Gee my Heil’ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar ’k ’n God sal wees vir julle, / jul ’n volk sal wees vir My.”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Katkisasieopening**

Psalm 146:1, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar ’s ryke stof!  
’k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag / op die HERE<sup>o</sup>alleen bly wag.

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
22 April 2018